

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 78

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

LUISTER EN JOU SIEL SAL LEWE

Luister

Luister . . .

Hoe baie word hierdie woord nie in die daaglikse lewe gebruik nie? Dit word van elke mens verwag om na duisende dinge te luister. Dit is dus geen vreemde begrip nie. Ons luister elke dag na baie mooi dinge, maar ons moet dikwels ongelukkig ook na baie lelike dinge luister.

U verwag ook van u kinders en onderhoriges om te luister as u praat want u soek vir hulle die goeie en wil graag aan hulle goeie leiding gee.

Ons kan nie leef sonder om te luister nie!

Dit sê God ook.

Maar dan praat God nie net van hierdie lewe nie, maar ook van 'n lewe wat ewigheidswaarde het.

Luister en jou siel sal lewe ...

Waarna?

Waarna moet ons luister?

Waar vind ons die stem van God?

Waar wil Hy leiding aan ons lewens gee?

Ons vind dit alles in die Woord van God — in die Bybel.

Besef ons altyd watter heerlike rykdom lê daar opgesluit in die Woord van God? Dink ons daaraan dat die Bybel spreek met woorde wat ewigheidswaarde het?

Lees u nog die Bybel, vriend? Luister u nog na dit wat die Here vir u wil sê? U luister elke dag na honderde dinge wat mense vir u wil sê. U het tyd daarvoor. Baie van hierdie dinge is onbenullig en glad nie die moeite werd om na te luister nie.

Die luister na die Woord van God is voedsel en lafenis vir die hongerige en dorstige siel. Daarom lees ons ook die mooi woord van die apostel Petrus: "Verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die Woord, dat julle daardeur kan opgroei".

Waarom?

Waarom is dit so noodsaaklik dat ek na die Woord van God moet luister?

Omdat die geloof deur die gehoor is! Die Heilige Gees laat jou hoor, laat jou luister en laat jou glo . . . Dan glo jy die dinge wat jy gehoor het. Dan is dit vir jou waarheid en dan word dit die krag en die sterkte van jou lewe.

En wat het jy gehoor?

"So lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê".

Luister en jou siel sal lewe . . .

Daarom, my vriend, *luister* na die wekroep van hierdie paar sinne wat jy hier gelees het. Dit is die Here wat jou roep. *Luister* maar weer na die heerlike inhoud van die Woord van God. Stap Sondag by die oop kerkdeure in en *luister* met jou hele hart. Ja, eintlik kan ons nooit ophou om te *luister* nie.

Dan gaan daar vir jou weer hemelse perspektiewe oop en jy weet dat God op jou beslag gelê het vir tyd en ewigheid — en daarom weet jy ook met 'n heerlike sekerheid dat niks jou ooit van sy liefde sal skei nie.

Is dit nie die Lewe nie? . . .

A. Myburg.

KONINKLIKE POS

In die stilte van die nag, in die jaar 95 of 96 na Christus, het 'n boot naby die kus van Patmos anker gelig en na die kus van Klein-Asië vertrek.

Aan boord was letterlik *koninklike pos!* Dit was sewe briewe aan die sewe gemeentes in Klein-Asië. Dis koninklike pos omdat die *Skrywer* van die briewe *Koning* is. Hy is Jesus Christus wat met sy vaart na die hemel die troon bestyg het. En as Koning aan wie alle mag gegee is in hemel en op aarde, korrespondeer Hy met hierdie wêreld.

Die *posbode* wat opdrag kry om die briewe te gaan aflewer is die geliefde apostel van die Here, Johannes. Hy was in ballingskap op die eiland Patmos — daarheen verban deur keiser Domitianus. Vir die gelowige in verdrukking open hier 'n venster na die hemel, en hemelse lig skyn in die duistere wêreld in.

In ons daaglikse lewensprogram is die ontvangs van pos 'n aangename vooruitsig. As die posbode die pos afgelewer het, kyk mens dit so vinnig deur en sorteer gou eers die briewe uit — die rekenings en koeverte met 'n 2 sent-seël op, word eers eenkant neergesit. Jy kyk ook na die stempel en die handskrif op die koevert om die poskantoor van herkoms en die skrywer van die brief te identifiseer. — Om pos te ontvang, is met een woord 'n aangename ondervinding op my dagprogram.

Vandag nog is daar pos, *koninklike pos* van die poskantoor van Patmos af. En u mag die bevoorregte leser wees. Hierdie sewe briewe is geskrywe met 'n tweeledige adres: dis eerstens gerig aan die *lokale* kerk, maar ook aan die *totale* kerk.

Die lokale kerk is byvoorbeeld Smirna, Efese, Laodicea daardie sewe gemeentes. Die totale kerk is die kerk in sy totaliteit, in sy groot geheel, ongeag tyd en plek. So word ook die kerk van *vandag* aangespreek in hierdie briewe.

Ook u is 'n geadresseerde. U mag ontvanger en leser wees van koninklike pos.

Maar u *mag* dit nie alleen doen nie. u *moet* ook kennis neem van hierdie koninklike skrywe, want dis ook aan u geadresseer.

U het *persoonlike* belang by hierdie briewe. U kan hulle maklik kry — hulle is nie museumstukke nie, maar is te vinde in Die Bybel, in *Openbaringe 2 en 3*. Lees ook *Openbaring 1:9-20*; daar lees ons hoe dit gekom het dat die kerk en ook u vandag leser van die koninklike pos mag wees.

Het u al ernstig daarvoor nagedink dat dit darem 'n groot voorreg is wat u het om *God se "skrywe"* aan hierdie wêreld te mag besit en te lees, en dit in u eie taal. Gryp die inhoud u nie ook aan nie?

As u die sewe briewe lees, gee dan bietjie ag op twee kenmerke van elke brief: *die eerste* is dat elke brief begin met: "*Ek ken ...*" Die Here ken sy kerk intiem, Hy ken die lesers van die briewe; Hy weet van hulle beproewinge maar ook van hulle oortredinge en sonde. As u Psalm 139 lees sal u merk dat die Here selfs die bed waarop u lê en die stoel waarop u sit, ken. U moet daaraan dink dat die Here u in alles sien.

Die *tweede kenmerk* van elke brief is dat almal met 'n belofte afsluit. Elke brief het 'n *naskrif*.
Let 'n bietjie op daarna.

Wat maak u met hierdie koninklike pos?

Lê hierdie leesstof onder die stof iewers in u huis?

Waardeer u die voorreg en is u dankbaar dat u hierdie hemelse pos in u eie *moedertaal* kan lees? Vanjaar is dit 150 jaar gelede dat die drukkersmasjiene begin rol het om ook die Bybel op groot skaal in Suid-Afrika te versprei.

'n Koning eis *gehoorsaamheid*. Die koninklike pos van die Koning van alle konings, Jesus Christus, roep u tot hoogste gehoorsaamheid.

In die lig van die naderende *wederkoms* van die *Sender* van die koninklike pos laat ons die *inhoud* van die briewe met hulle *naskrifte* ter harte neem en *beantwoord* met gehoorsaamheid uit liefde.

Beantwoord dan God se brief aan u, deur self 'n brief te wees met die inhoud: JESUS CHRISTUS. So word u self 'n koninklike brief en vir almal wat u lewenspad kruis, 'n padwyser.

Is u so 'n brief?

P. W. Bingle

1970 ... die feesjaar

Het u geweet dat 1970 'n feesjaar vir die Bybel in Suid-Afrika is? Ja, in diepe dankbaarheid herdenk ons as christelike kerke, as gelowiges, vanjaar 150 jaar van Bybelverspreiding in Suid-Afrika.

Die wonder van die Woord:

Watter geweldige rol het die Woord van God nie in die geskiedenis van ons volk gespeel nie? Eintlik is die invloed van die Bybel in ons volksverlede onberekenbaar. . .

Met die Bybel in die wakis het 'n stoere voorgeslag oor die berge die onbekende binneland ingetrek. Met die oop Bybel op die huistafel is in die eensaamheid en stilte van die aande die hoofde voor die genadetroon van God gebuig. Ja, tot hier toe was die Bybel vir so baie van ons volk 'n lig op die lewenspad en 'n lamp wat die duisternisse verdryf.

Weet u van die wonderlike vertroosting wat daar in die Bybel lê veral in tye van nood en beproewing? As jy siek en swak geword het, en jy is alleen — hoe heerlik is dit dan nie om te mag lees: "Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by die naam geroep; jy is Myne".

En as daar krisistye kom en moeilike besluite moet geneem word, dan lees ek weer: "En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid . . ."

Die Bybel in ons land:

Deur die genade van God is hierdie wonderlike Woord ook in groot getalle na ons land gebring. Op 23 Augustus 1820 is die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap in Kaapstad gestig. Hier was nou 'n saak op eie bodem wat wou help met Bybelvertaling, -produksie, en – verspreiding. Dadelik het die moedergenootskap, die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, 1,100 Engelse en Hollandse Bybels hierheen gestuur. Dit was 'n mooi begin, maar die Here het sy eie werk geseën. Verlede jaar is 1,1 miljoen Bybel en Skrifdele hier by ons in meer as 70 tale versprei. Die 1,100 Bybels van 1820 het R400 gekos. Verlede jaar het donateurs die lieflike bedrag van R600,000 vir hierdie saak geskenk.

Nee, ons roem nie in die mens nie! Ek noem maar net hierdie dinge om aan u te toon dat ons hier *met geen mensewerk* te doen het nie, en dat die Bybel nie net nog maar 'n boek is nie. Dit is die Boek van alle boeke! U moet dit weer opneem en met erns lees. Gee hierdie wonderlike Boek 'n plek van eer in u leestyd en in die tyd van bepeinsing.

Die Bybel in ons taal:

Die Bybel is die mees vertaalde Boek in die wêreld. Die volledige Bybel is beskikbaar in 242 tale, en in 7,392 tale is daar 'n Bybel of 'n gedeelte van die Bybel beskikbaar.

Op 27 Mei 1933 het die Carnarvon Castle Tafelbaai binnegevaar met 10 duisend Afrikaanse Bybels aan boord. Toe is daar feesgevier. Dit was die Woord van God in ons eie geliefde moedertaal. Kan ons die heerlike waarhede van die evangelie beter en mooier verstaan as juis in die taal wat so deel van ons wese is? So wil God hê dat elke mens die wonderlike boodskap in sy eie taal moet hoor, want dit moet spreek tot sy siel.

Dankbaarheid:

Ek vra u om biddend saam met my bly en dankbaar te wees, veral in hierdie feesjaar van die Bybel in Suid-Afrika ... Waarlik God is groot en goed!

Sy Woord is 'n ewige Woord!

Luister wat sê die digter in Psalm 119 : 39:

"Heer, u Woord is my 'n fakkel
wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse
van my lewenspad verja.
'k Het gesweer deur U ontferming
dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe,
deur die ligglans wil laat lei".

Wil u dit nie herhaal nie?

DIE WOORD HET VLEES GEWORD

"In die begin was die Woord, en die Woord was by God en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon . . .", so begin Johannes se evangelie! Hy praat van Jesus Christus wat van ewigheid af God is, maar wat in die volheid van die tyd die menslike vlees aangeneem het en een van ons geword het. Ja in alle opsigte was Hy mens, uitgesonderd die sonde.

U sê dat u reeds daarvan gehoor het en dat dit juis een van die dinge in die Bybel is wat u nie aanvaar nie. Ja, my vriend, ek wil toegee dat dit niks anders as 'n wonder van God is nie. Maar die hele skepping en sy voortbestaan is 'n wonder van God! Die wonder is dus nie vir my 'n probleem nie. Maar het jy al gedink aan die ewige, onbegryplike, Goddelike liefde wat spreek uit hierdie menswording van die Woord? Dit moet ons aan die hart gryp en tot besinning ruk. Dit is werklik iets waaroor ons hier kan praat.

'n Daad van liefde:

Paulus skryf in Filippense 2

"Hy wat in die gestalte van God was, het Homself ontledig deur die gestalte van 'n diensknegt aan te neem en aan die mens gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis".

Die Woord het dus Vlees geword sodat Hy bitterlik en smadelik kon ly en sterf aan die kruishout van Golgota. Dit was die sin en die betekenis van sy menswording.

En die rede? Waarom moes Hy ly en sterwe?

Om jou en my met God te versoen!

Om die vloek en die ewige verdoemenis wat daar vanweë ons eie sondes op ons rus, weg te neem, en om weer vir ons die ewige lewe in die plek van die ewige dood te gee.

Is dit nie geweldig nie?

Ruk dit nie aan die fundamente van jou lewe nie?

Iemand moes betaal. . .

Geen mens, geen skepsel kon betaal nie, want alles op die aarde het onder die vloek van die sonde gelê. Skuld kan tog nie met skuld vereffen word nie? Magteloos het die mens, kroon van God se skepping, in die greep van sy eie ellende gelê. En toe dit nag was rondom die mens vanweë sy eie sondeskuld en die duisternis swart op alles gelê het, het 'n helder en ewige lig oor die velde van Betlehem en oor die hele wêreld begin skyn want die Seun van God is in die stal van Betlehem gevind in die gedaante van 'n mens!

Waarlik. die Woord het Vlees geword...

Die aanbod:

En weet jy, die Bybel wat soms so met minagting bejeën word, bring hierdie heerlike boodskap, die evangelie van Jesus Christus, aan die wêreld. Dit hou 'n heerlike aanbod in wat ook tot jou gerig word; glo dat die Woord ook ter wille van jou Vlees geword het! Glo dat Hy ter wille van jou gesterf het, en jy sal lewe, waarlik en ewiglik lewe, selfs nadat jy gesterf het. Hoe maklik is dit tog nie — glo maar net dat God jou ook liefhet! En watter heerlike liefde is dit nie? Jesus het self gesê: *"Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee"*.

BY DIE STERFBED VAN 'N GELOWIGE

Geagte Vriend,

As ek hoor van die afsterwe van 'n gelowige kind van die Here, dan staan die woorde van Psalm 73 my altyd so helder voor die gees.

Waarom?

Seker omdat hierdie Psalm op so 'n mooi manier vertel van die geweldige stryd wat daar in die lewe van elke gelowige is, en dan ook van die heerlike rus en vrede wat elke gelowige vind aan die end van sy lewe.

U kan gerus hierdie pragtige Psalm in die Bybel lees. Dit bied so 'n lewensgetroue beeld van die werklike lewe ... die lewe waarmee u ook elke dag te doen het.

Maar laat ek u iets daarvan vertel.

Asaf, wat die skrywer van Psalm 73 is, is 'n tempelsanger in die tempel van Jerusalem. Hy is dus elke dag in die beskermende atmosfeer van die tempel besig. En tog vertel Asaf van die groot stryd wat daar in sy lewe was.

Hy skryf in vers 3: "Want ek was afgunstig op die onsinniges toe ek die voorspoed van die goddelose mense sien". Dit het so vir Asaf gelyk asof die goddelose mense baie gelukkig is. Hulle dien God nie en tog is hulle ryk en voorspoedig. Hy sê dat die goddelose mense se oë peul uit van die vet. Dit is 'n beeld wat die vettigheid van hulle lewe aantoon.

Maar daarteenoor word die beeld van die gelowige gestel. En nou lyk dit vir Asaf asof dit by die gelowige net die teenoorgestelde is! Hy skryf: "Die hele dag tog is ek geslaan, en my tugtiging was daar elke môre". Tevergeefs het hy die Here gedien!

Waarom?

Dit is die vraag en die kwelling van sy gees. Hy dink na maar kan dit eenvoudig net nie verstaan nie.

En dan kom die insig en die helderheid in die 17e vers. Hy kon hierdie dinge nie verstaan nie "totdat ek in die heiligdomme van God ingegaan en op hulle einde gelet het".

Die einde . . .

Dit is die *sterfbed* waarvan Asaf hier praat.

Dit is seker een van die grootste krisismomente in die lewe van 'n mens! Dit is 'n oomblik van besinning. En niemand kom daar verby nie.

Asaf ontvang genade om die einde in hemelse perspektief en lig te sien.

Is die goddelose mense hier ook so gelukkig as wat hulle lewe skynbaar was? Nee, geagte vriend! Luister hoe stel Asaf dit: "Waarlik, U stel hulle op gladde plekke; U laat hulle in puin val. Hoe word hulle in 'n oomblik 'n voorwerp van verbasing, vergaan hulle, raak hulle tot niet deur verskrikkinge! Soos 'n droom nadat 'n mens wakker word, o Here, so verag U, as U opwaak, hulle beeld!"

Hoe vreeslik is dit nie!

Watter verskrikking is die sterfbed nie vir die goddelose, vir die onverskillige mens nie!

Maar nou die gelowige, die mens wat in sy hele lewe beproef en geskaaf en gelouter is. Watter heerlike rus en vrede daal daar nie in hierdie krisisuur op hom neer nie! As jy met Christus geleef het, dan sal jy ook met Christus sterwe. So mooi het Paulus dit in Romeine 8 gestel: "Geen dood kan ons skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here is nie".

Ewig met God, in Christus!

Watter heerlike gedagte is dit nie?

By hierdie heerlike berusting kom Asaf ook in Psalm 73. Luister: "U sal my lei deur U raad en my daarna in heerlijkheid opneem. Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie".

Dit, geagte vriend, is die rus en berusting wat jy vind by die sterfbed van die ware gelowige .. . Alles wat met hom gebeur, ja selfs die dood, bring hom slegs nader aan die God wat hy met sy hele hart lief het!

So eindig Asaf met die heerlike woorde: "Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees".

En u, my vriend?

Is dit in u lewe ook so gesteld dat u hierdie laaste woorde met oortuiging agterna kan sê. Daardie krisisuur wag tog ook vir u . . .

Quo Vadis?

Dié twee Latynse woorde beteken "Waar gaan u heen?" Hierdie blaadjie word *gratis* namens die Gereformeerde Kerk uitgegee. Dit verskyn *maandeliks*.

Die doel daarvan is om u 'n weg aan te dui, of beter gesê: Dié Weg, Christus die Here. Mag u by die lees van die artikels in hierdie uitgawe sy stem verneem: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee".

GOD HET GESPREEK

Het u God ontmoet?

Nog nie?

U wil graag, maar Hy is te ver en onwerklik?

Het u miskien al deur 'n Bybel geblaai?

Gelees?

Hier is die ontmoeting met God in Jesus Christus.

Hierdie ontmoeting tref u in u eensaamheid, in u soeke, in u verlange en ook in u duisendvoudige betrekkinge met u medemens.

God het gespreek:

Die eerste mense hoor sy stem waar hulle wegkruip: "Waar is jy?" Dwarsdeur die Bybel, bladsy na bladsy, klink dit, die blye boodskap van verlossing deur Jesus Christus.

Dit staan nie los buite ons nie.

Het u gelees hoe God met sy beloftes na Abraham kom midde in sy daaglikse bestaan? Of hoe Hy na Faraon kom waar hy op sy troon in koninklike majesteit sit? Of na Dawid by sy sondedaad waarvan hy meen dat niemand weet nie? Die dissipels is besig met hulle daaglikse arbeid, die van vissers, as Jesus hulle roep.

God ver en onwerklik?

Nee.

Hy is by ons met sy Woord.

So naby dat Hy onder ons gewoon het.

U sal dit daar vind in die woorde van Christus:

"Hy wat My gesien het, het die Vader gesien".

Jesus Christus het onder ons gewoon.

Hy is bekend met al ons swakhede, die pyn, die smart, die ang.

Het Christus se sweet nie in Getsemané soos bloed geword nie?

Het Hy nie voortgestrompel onder sy kruis na Golgotha nie?

Is Hy nie deur God verlaat nie?

Waarom? Sodat ons tot God geneem en nimmermeer deur Hom verlaat sal word nie.

So praat God met ons in ons alledaagse bestaan.

Hy praat met ons van oordeel oor die sonde.

Hy praat met ons van verlossing en van lewe, die ewige lewe.

U wil God ontmoet?

U wil sy stem hoor?

U kan. As u maar die Bybel lees.

As u sy stem gehoor het? Hom ontmoet het?

Dan moet u antwoord.

U gaan u pad verder met blydschap of u steur u nie aan wat God spreek nie.

Albei is die antwoord wat u gee.

Wat is u antwoord?

Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.

S. P. B. Buys.